Sondag 6 September
Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12-28
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:14

## Geduldig in my teregwysing

Vandag lees ons van Paulus se laaste opdragte aan hierdie jong Christene in Tessalonika, die hoofstad van die Romeinse provinsie Masedonië. Paulus dank die Here vir hulle standvastigheid in geloof, liefde en hoop.

In sy afsluiting gee Paulus nie maar bloot net 'n klompie mooi etiese riglyne nie, hy gee nie 'n nuwe wet nie, nee, dit is meer 'n praktiese uitdrukking van die liefde en genade wat in Christus vervat lê. Hierdie opdragte word ook gegee in die konteks van sy breë lering oor die wederkoms van Christus. Paulus herinner die Tessalonisense daaraan dat, terwyl hulle in die lig leef, hulle ook geroep is om mekaar te bemoedig, aan te spreek en reg te onderrig, in die lig van die evangelie.

Hierdie laaste opdragte word ook vir 'n gemeente gegee – mense wat saam in Christus Jesus is. Die Here se doel is dat 'n kerk 'n hegte eenheid, 'n lewende liggaam is, waarin elke lid opgeroep is om met liefde, geloof en geduld verantwoordelikheid vir mekaar te vat. Die woord "vermaan" beteken nie bloot om skerp af te keur nie, maar eerder om met liefde en wysheid aan te spreek, sodat herstel en geestelike groei kan plaasvind.

Die vermaning moet wel gebeur met 'n gesindheid van lankmoedigheid (AFR33/53). Lankmoedigheid is om lank moed te hou met iemand. Om hulle nie net af te skryf nie. Dit kan net gebeur as ons self bewus is van ons eie gebrokenheid, en dat ons leef vanuit die wonderlike genade van ons Here Jesus Christus. As mekaar se broers en susters staan ons langs mekaar voor Hom.

Laat ons dus hierdie goddelike opdragte in ons daaglikse lewens inwerk, sodat ons as 'n hegte, liefdevolle gemeente die heerlike glorie van Christus in die wêreld weerspieël.

*Sing: Skrifberyming 14-1:3*
*Ds. DG (Dinant) Zwemstra (Strand)*